

25 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 35:1-10
Fokusgedeelte: Jesaja 35:10

Terug na Sion!

Jesaja se profesieë het die heidenvolke se ondergang belowe. Ook Israel sal gestraf word as daar nie inkeer is nie. Hoofstuk 35 is 'n begin van die wending wat veral in hoofstuk 40 kom: God sal aan sy volk uitkoms gee!

Hierdie teken die seëninge waarvan ons gister in Openbaring 3 gelees het. Die blydskap wat op die getroues in Israel gewag het, sal vir alle gelowiges wees. Die besondere is dat God lewe beloof aan mense wat ewig moes sterwe.

Ons hoor van uitkoms in die natuur, maar dit is eintlik tekenend van die geestelike opstanding wat God gee. Daarom: versterk die slap hande en struikelende knieë. Keer terug na God se weë, dan sal Israel weer sterk wees.

Jesaja praat van “losgekooptes”, dus wys hierdie profesie direk op die werk van Christus. Niemand anders kan ons immers loskoop nie. Toe Hy gekom het, het blindes weer gesien, dowes gehoor en stommes gepraat. In Matteus 11:4-6 is dit Jesus se antwoord aan Johannes die Doper: Hy is die vervulling van wat Jesaja gesê het.

Dit, sê vers 10, vind sy finale vervulling by die wederkoms. Kommer en gesug verdwyn. Daar sal geen onreinheid wees nie. “Dáár sal geen leeu wees nie.” Jesaja 11:6 praat van die mak diere wat in die paradys sal wees, dus kan hierdie net bedoel op dié wat geestelik verskeur. 1 Petrus 5:8 praat van Satan as 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind. Vir die Bose sal daar nie plek wees nie.

Terug na Sion! Israel se terugkeer uit ballingskap was profesie van die koms van die ewige Godstad. Ewige blydskap vir dié wat op die heilige pad is waarop geen onreine is nie.

Sing: Psalm 84:1, 3 (1937)

Ds. HT (Hennie) de Villiers (Emeritus)